VAN DIE KONINGSKINDERS

Hoërskool Koningskindersaksie

13 April 2018 om 16:30 tot 20:00
Waar? Gereformeerde Kerk Potchefstroom Sentraal.

Laerskool Koningskindersaksie

13 April 2018 vanaf 13:30 tot 17:00
Waar? Gereformeerde Kerk Bult

VAN ONS DIAKONIE

Die kollektes vir **Barmhartigheid** van Sondag 1 April 2018 was R 5 000. Die kollekte ten bate van ons **Jeug** was R 1 680. Die kollekte op Goeie Vrydag ten bate van **Bybelverspreiding** was R 4 080.

DIAKONIE SE KOSKAS

Baie dankie aan almal wat gehelp het om ons blikkieskos aan te vul. Blikkieskos: boeliebief, tamatie en uiesmoor, pitmielies, soetmielies, tuna, sousboontjies en ander blikkies. As jy 'n blikkie kos koop gooi maar 'n ekstra een in die mandjie vir die Diakonie. Jy kan die nie-bederfbare produkte in die wit krat in die saal sit.

Ons het heelwat uitgedeel en dit lyk of ons nooit te veel daarvan sal hê nie.

HAMBURGERBRAAI

Die volgende gemeente-aand en hamburgerbraai

VRYDAGAAND
20 April 2018

Ons kuier gesellig saam vanaf 17:30 by die saal.
Vir 'n bestelling bel **Johan du Plessis** by die kerkkantoor
☎ **018 294 4600 of Pieter by** ☎ **082 923 1384**
R 20 per hamburger. Dit bly 'n **"winskoop"**

Op die Kerkwerf

Gemeenteblad van die Gereformeerde Kerk Potchefstroom
Jaargang 34, nr 11 Sondag 8 April 2018
REDAKTEUR: RUDY VAN DER SPOEL 018 294 3402
rudynell@telkomsa.net

Eredienste: 09:30 en 18:00 **Predikant:** Ds Ronald Bain **082 339 0933**
Kantoor **018 294 4600 Faks: 086 610 9283** Pastorie: **018 293 2116** Karin Bain **082 532 1620**
Koster Pieter Bouwsema **082 923 1384** **Orrelis:** Magda Pelser-van der Merwe **079 872 2516**
E-posadres: kantoor@gkpotchefstroom.co.za **Web:** www.gkpotchefstroom.co.za

Diensbeurte: Ouderlinge: **Koos Theron** E3, **Frans Drijfhout** E4, diaken wyk E3 **Theunie Chamberlain**, E4 **vakant.**
Diens Huis Eikelaan om 15:30: Ouderlinge van wyke C2 & C3. **Hendrik du Plessis** en **Gerrit Badenhorst.**
Bussiediens: Vandag ry **Andries de Klerk** 084 440 1661
Sondag **15 April** ry **Gert Kruger** 072 314 5534

Goeiemôre broers en susters, kinders en besoekers

EREDIENSTE Oggend ds AB Pelser, aand prof Callie Coetzee

OGGEND: Lees: Maleagi 1
TEKS: Maleagi 1: 2, 3
TEMA: ***God het ons lief met 'n ewige liefde***
SING: Psalm 92: 1 en 6; Psalm 65: 2 en 3; Psalm 31: 17 en 18; Skrifberyming 24: 2 en 7 (Tema 1 – 1)

AAND: Skriflesing: Johannes 21
SING: Psalm 118: 1, 7; Psalm 16: 4, 5; Skrifberyming 9: 4, 5, 6. (Tema18-1)

LIEF EN LEED

Biggs Badenhorst is opgeneem in Medi-Clinic se intensiewe sorgeenheid. Hy moet 'n gevaarlike operasie ondergaan, maar sy gestel is tans te swak daarvoor. Mag die Here vir hom in besonder naby wees.

Dagboek

8 April: **Telkommissie 2**
9 April: **NWU open**
10 April: **Skole open**
20 April: **Gemeente-aand, hamburgerbraai**

Dana du Plessis is tans besig om bestraling te ontvang vir 'n gewas

wat binne-in sy rugmurg is. Die gewas en die komplikasies wat dit meegebring het, het die gebruik van sy bene erg begin belemmer. Nadat hy geopereer is kon hy heelwat makliker begin loop, maar die grootste gedeelte van die gewas kon nie verwyder word nie. Dana is tans in die helfte van die behandeling en ons is dankbaar dat dit onder omstandighede met hom en Wilmarie goed gaan. Ons dra hulle aan die Here se troue sorg op vir die komende week se behandeling. Skakel hulle gerus of stuur 'n boodskap by ☎ 082 467 6069.

Marie Aucamp wat vir baie jare lidmaat was van ons gemeente en onlangs na haar kinders verhuis het, is die afgelope week oorlede en word Maandag in Kempton-park begrawe. Ons dink aan haar geliefdes in hierdie dae.

Ons het met groot hartseer gehoor van die afsterwe van **Dr. Jac en Ina Howell** in 'n motorongeluk die afgelope Maandagmiddag. Hulle was predikantsegpaar van GK Die Kandelaar in Pretoria. Fanie Jooste se dogter Emma, is met hulle seun Fanus Howell getroud. Jac en Ina se heengaan is vir ons almal 'n ontsaglike skok. Ons bid die Here se troos toe vir die kinders en almal wat treur. Die begrafnis sal DV Maandag 10:00 in Heidelberg wees en die troosdiens om 15:00 in GK Die Kandelaar.

VAN ALLES EN NOG WAT

KOLLEKTES: Vandag en volgende Sondag: Onder die erediens vir **Barmhartigheid**. By die deure vanoggend vir **Kerklike tydskrifte**.
Volgende Sondag se kollekte die oggend vir die **Teologiese Studentekas**
Die kollekte vanaand by deure is vir **Instandhouding van die erediens**

KATEGESE
Katkisasie begin weer **Woensdag** om 14:15 vir Graad 8-10 en 17:10 vir Belydenisklas by die pastorie.
Volgende Sondag (15 April) moet **Les 10** en **Psalm 45: 1 en 16** geleer word.
Volgende Maandag (16 April) lees *Laat My lammers wei* Hoofstuk 40

BYBELSTUDIES Ons weeklikse Bybelstudies is soos volg:



Huis Eikelaan om 15:00 op Dinsdae
Jongmense om 18:30 op Woensdae in Jeugkamer.
Oggendbybelstudie Donderdae om 9:30 in konsistorie.
Donderdagaande om 18:30 in konsistorie.
Dinsdagaande van 18:30 tot 19:30. Bybelstudie vir ouers met klein kinders (0 tot 10 jaar) by Beyers Naudelaan 38 (of soos anders gereël).
Kontak Jonker Venter (082 566 3216) vir meer inligting.

GEHOORSTUKKE VIR DIE EREDIENS

Gehoorstukke wat 'n mens soos oorfone op jou ore plaas is beskikbaar by ons koster Pieter Bouwsema. Hierdie apparate is van besondere hoë kwaliteit en help dat 'n mens alles tydens die erediens helder kan hoor. Maak asb. met die grootste vrymoedigheid van hierdie diens gebruik.

VERJAARDAE GEDURENDE DIÉ WEEK



Ons wens doop- en belydende lidmate wat gedurende dié week verjaar baie geluk met hul verjaardag:

8 April	**Anja Bouwsema,** Peplerstraat 13, ☎ 076 548 3340
	Hendrien Venter, Huis Eikelaan TB 606, ☎ 083 440 1396
9 April	**Mandie de Klerk,** Tramontowoonstel 51, ☎ 082 709 8659
10 April	**Roy Bartlett,** D Astrisstraat 3
11 April	**Estie Duvenhage,** Vyfhoek Hoewe 240, ☎ 083 589 3105
	Betsie v d Westhuizen, Huis Eikelaan SB 24, ☎ 082 724 5937
12 April	**Abigail Bain,** De Wetstraat 4, ☎ 018 293 2116
	Nanna du Plessis, Huis Anna Viljoen, ☎ 018 290 8880
	Henna Labuschagne, The Willows 5, ☎ 0894 260 6193
13 April	**Hannes Coetzer,** Adrinawoonstel 212, ☎ 072 286 7305

FOTOBORD Nuwe lidmate word gevra om na die diens na die saal te kom vir die neem van 'n foto vir die fotobord. Melissa Kent sal die foto's neem.